NOTULE VAN U.K. VERGADERING GEHOU OP 1 MEI 1959.

TEENWOORDIG:

Ds. P.S.Z. Coetzee (Voors): Ds. E.P.J. Kleynhans; Die Alg. Sendingsekretaris (Ds. L.L. Nel) en op versoek Die Org. Sendingsekretaris (Ds. W.R. de Kock); Eerw. N.W. Basson en Mnr. S.J. Naudé (Saakgelastigde) met adviserende stem.

B U I T E L A N D.

14. BESOEK ALG. SENDINGSEKRETARIS AAN M.A. SINODE: Ds. Nel rapporteer dat sy besoek aan die Mid. Afr. Streeksinode te Salisbury suksesvol was en dat daar veel meer duidelikheid verkry is oor die finansiële verantwoordelikhede van die verskillende instansies.

15. BOEKWINKELFONDS INHEEMSE KERK: Eerw. D.J. Hoffman sal om meer informasie genader word.

16. RUSHUIS VIR SENDELINGE, BLOEMFONTEIN: Die Saakgelastigde rapporteer dat hierdie saak nog steeds sy aandag geniet en dat daar waarskynlik voor die einde van 1959 gebou sal word.

17. RUSHUIS LUSAKA: BUITEGEBOUE: Eerw. O.S. Theron sal per brief om meer informasie gevra word.

18. INSAMELING OU KLERE: (Brief Mev. Dr. Cronje, 9 April): 'n Omsendbrief sal aan predikante en eggenotes gestuur word in verband hiermee.

19. TWEEDEHANDSE NAAIMASJIENE EN DRAAGBARE TIKMASJIEN (Buiteposkorrespondente): 'n Oproep in verband hiermee sal gedoen word.

20. AFGEVAARDIGDES NA SINODALE KOMMISSIE N.G. SENDINGKERK IN N.R. (Brief Dr. Cronje 25.3.59): Di. Kleynhans en Fourie sal afgevaardigdes wees. Eersgenoemde primarius, laasgenoemde sekundus.

21. REGLEMENT VIR BUITELANDSE SENDING (Hersiening van): Aan hierdie saak word aandag gegee.

22. MEJ. MARIETJIE VAN RENSBURG: Daar word meegedeel dat sy tot einde van die jaar met haar studies te Worcester sal aangaan en dat sy as Onderwyseres daar vas aangestel is.

23. PAMFLET BUITEPOSTE: Hierdie pamflet sal opgestel en versprei word.

24. S.A.S.K. MOET SELF SENDELINGE BEROEP: Hierdie saak sal voor die a.s. Sinode dien. Die opstel van die Reglement word aan Ds. P.S.Z. Coetzee opgedra.

25. MOTOR VIR VROUE EN MEIDJIESWERK: Reparasies aan hierdie Volkswagen moet gedoen word en die koste later meegedeel word. (Sien bylae D.)

26. VERVOERKOSTE BESOEK VAN SKOLE DEUR ONDERWYSPERSONEEL EN BESTUURDERS VAN SKOLE: Aan die uitgawes i.v.m. hierdie saak moet ernstige aandag gegee word. (Sien bylae E.)

27. HULP UIT SIEKEFONDS: Sekere oogkundige en tandheelkundige toekennings word gedoen. (Sien bylae A)

OPVOEDINGSFONDS: Sekere toekennings word ook hier gedoen. (Sien bylae B.)

5/ .....

28. MNR. P.R. BOTHA, SIEKTE SKOONMOEDER: Besluit word om aan Mnr. P.R. Botha 'n skrywe te rig i.v.m. hierdie aangeleëntheid. (Sien bylae C)

Ds. E.P.J. Kleynhans sluit met gebed.